



**NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE
VIRTUEEL GEHOU OP WOENSDAG, 14 OKTOBER 2020 OM 10:00**

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, raadsheer T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, raadsdame M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl P E Solomons
Rdl O M Stemele
Raadsheer R F van der Westhuizen
Raadsdame M van Zyl

Ander raadslede:

Die Speaker, rdl M A Rangasamy

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Bestuurder: Sekretariaat en Rekorddienste, me N Brand

1. OPENING

Rdh R F van der Westhuizen open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Geen verskonings is ontvang nie.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen.

4. NOTULES

**4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-
VERGADERING GEHOU OP 16 SEPTEMBER 2020**

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 16 September 2020 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

**4.2 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 7
OKTOBER 2020**

[Regstellings oorgehou as prerogatief van die onderskeie komitees.]

5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS EN SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

5.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 7 OKTOBER 2020

Aanbevelings voorgelê vir bekragtiging:

5.1.1 MUNISIPALE BESTUUR, ADMINISTRASIE EN FINANSIES

BESLUIT dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE

BESLUIT

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig;

BESLUIT VERDER

(b) Dat kennis geneem word dat die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste die Opgradering van Darlingweg/Voetganger beveiliging langs Darlingweg as 'n projek by die provinsiale departement geregistreer het om in aanmerking geneem te word tydens toekomstige begrotingsprosesse;

(c) Dat kennis geneem word dat tydens 'n vergadering met Eskom die volgende aspekte bevestig is:

- (i) Eskom erken dat die vandalisering van elektrisiteitsnetwerke in Riebeek Kasteel 'n groot probleem is en dat Eskom verantwoordelikheid aanvaar vir die herstel daarvan;
- (ii) Eskom verkies dat die Munisipaliteit wel die instandhouding van straatligte oorneem, maar daar is bepaalde uitdagings hieraan verbonde;
- (iii) Indien die oorneem van die instandhouding van straatligte deur die Munisipaliteit nie tegniese haalbaar is nie, moet die Munisipaliteit se personeel geakkrediteer word om namens Eskom die instandhouding van straatligte te behartig;
- (iv) Eskom het ingestem dat die bestaande straatligte met LED-straatligte vervang kan word;
- (v) Eskom het bevestig dat indien voormelde tot 'n laer verbruik aanleiding gee, die Eskom-rekening dienooreenkomstig aangepas sal word;
- (vi) Daar nie voorsiening gemaak is vir straatligte in die nuwe behuisingsprojek op Riebeek Kasteel nie en sal verdere samesprekings met Eskom plaasvind om moontlik deur middel van 'n reg-tot-weg voorwaarde van sekere Eskom-pale gebruik te maak om straatligte daarop aan te bring, aangesien Eskom die munisipale sypaadjie gebruik;
- (vii) Dat daar in die 2021/2022 finansiële jaar begroot word vir die aanbring van straatverligting in die nuwe Riebeek Kasteel behuisingsprojek.

5.1.3 ONTWIKKELINGSDIENSTE

BESLUIT dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.4 BESKERMINGSDIENSTE

BESLUIT dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen.

7. NUWE SAKE

7.1 WYSIGING VAN DIE TYDSKEDULE VIR DIE 4^{DE} HERSIENING VAN DIE GOP EN DIE OPSTEL VAN DIE JAARLIKSE BEGROTING (2/1/4/4/1)

Die Raad het die tydskedule vir die 4de Hersiening van die GOP en opstel van die jaarlikse begroting ingevolge artikel 21(1)(b) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, No 56 van 2003 (MFMA) op 25 Augustus 2020 aanvaar.

Ingevolge Staatskoerant No 43582 gedateer 5 Augustus 2020, Goewermentskennisgewing 851, is munisipaliteite vrygestel van die nakoming van die sperdatums van sekere artikels van die MFMA. Die tydskedule is dus dienoreenkomstig aangepas.

BESLUIT

- (a) Dat die gewysigde tydskedule vir die 4de hersiening van die GOP en die opstel van die jaarlikse begroting (aangeheg as **Aanhangsel A**) om voorsiening te maak vir die vrystellings in Staatskoerant No 43582 van 5 Augustus 2020, Goewermentskennisgewings 851, vir goedkeuring by die Raad aanbeveel word;
- (b) Dat die Munisipale Bestuurder se KPI's met betrekking tot die voorlegging en goedkeuring van die jaarverslag dienoreenkomstig aangepas word.

7.2 JAARVERSLAG VAN DIE PRESTASIE EN RISIKO OUDITKOMITEE VIR DIE PERIODE EINDIGEND 30 JUNIE 2020 (5/15/1/3)

Die Prestasie en Risiko Ouditkomitee dien as 'n volwaardige onafhanklike komitee van die Raad en vervul sy funksie ingevolge die bepalings van artikel 166 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Nr. 56 van 2003.

Die jaarverslag van die Munisipale Prestasie en Risiko Ouditkomitee vir die periode eindigend 30 Junie 2020 is met die sakelys gesirkuleer, en bevat geen aanbevelings aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee vir oorweging nie.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Prestasie en Risiko Ouditkomitee se jaarlikse verslag vir die tydperk geëindig 30 Junie 2020.

7.3 VERSLAG AANGAANDE DIE IMPLEMENTERING VAN DIE VOORSIENING-KANAALBESTUURSBELEID VIR DIE PERIODE 1 JULIE 2020 TOT 30 SEPTEMBER 2020 (8/1/B/2)

Verslagdoening insake die implementering van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid moet op 'n kwartaallikse basis ingevolge paragraaf 6(3) van die Munisipale Voorsieningskanaalbestuursregulasies aan die Uitvoerende Burgemeester voorgelê word.

Die verslag vir die periode 1 Julie 2020 tot 30 September 2020 is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die kwartaallikse verslag van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid se implementering vir die periode 1 Julie 2020 tot 30 September 2020, wat ingevolge artikel 6(3) van die Regulasies voorgelê moet word asook die verslae van die Formele Tenders (Aanhangsel A), Informele Tenders (Aanhangsel B) en die Afwykingsverslag (Aanhangsel C);

7.3/...

- (b) Dat verder kennis geneem word van die dienste wat vir dieselfde periode gelewer is, met verwysing na die uitsonderings waar dit onprakties sou wees om die mark te toets en gevolglik aanleiding gegee het tot 'n afwyking van die verkrygingsprosesse ingevolge paragraaf 2(6) van die Voorsiening-kanaalbestuursbeleid (Bylae D);
- (c) Dat kennis geneem word dat nooduitgawes wat verband hou met die COVID-19 pandemie onder die drempelwaarde van R30 000.00 'n bedrag van R57 849.68 beloop.

7.4 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN MUNISIPALE ONROERENDE EIENDOM (NYWERHEIDSPERSEEL) TE DARLING (12/2/B)

Die Raad het op 31 Mei 2020 in beginsel goedkeuring verleen vir die vervreemding van die nywerheidsperseel, Erf 984, Darling deur middel van 'n mededingende proses.

Die voorneme van die Raad om die betrokke erf te vervreem is in die media bekend gemaak waarop geen beswaar ontvang is nie. Tenders is gevolglik uitgenooi en is daar slegs een tender teen die sperdatum ontvang.

BESLUIT

- (a) Dat die finansiële aanbod van R685 000,00 (BTW uitgesluit) aanvaar word vir die aankoop van Erf 984, Darling en goedkeuring verleen word vir die oordrag van die bate aan SA Mortar (Pty) Ltd;
- (b) Dat opdrag aan die Bestuurder: Omgewing- en Beroepsgesondheid gegee word om, in samewerking met die Weskus Distrikmunisipaliteit en die Provinsiale Departement van Omgewingsake wat oor gespesialiseerde toerusting beskik, die nodige toetsing te doen insake die toelaatbare stofvlakke en geraasoorlas wat deur die Mortar-fabriek in Darling gegenereer word om dienooreenkomstig op te tree.

7.5 RIGLYNE INSAKE RUIMTELIKE BEPLANNING, BESTUUR VAN GRONDGEBRUIKE EN –ONTWIKKELINGSPROSESSE (15/3/B)

Die riglyne, soos afgekondig deur die Minister van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling in Staatskoerant No. 43598 gedateer 7 Augustus 2020, word voorgestel in 'n poging om billike tydsraamwerke vir grondgebruiksprosesse en verwante publieke deelnameprosesse te midde van die Covid-19 pandemie daar te stel.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die riglyne insake ruimtelike beplanning en die bestuur van grondgebruik- en ontwikkelingsprosesse soos uitgegee deur die Minister van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling in terme van Staatkoerant No. 43598, Goewermentskennisgewing No. R. 480 gedateer 7 Augustus 2020;
- (b) Dat die riglyn ingevolge paragraaf 5.1 van die kennisgewing ten opsigte van 'n verlenging van die tydsraamwerk van grondgebruiksprosesse na 30 dae nie deur Swartland Munisipaliteit geïmplementeer word nie, en dat die aanvanklike 21 dae tydsraamwerk ingevolge wetgewing dus gehandhaaf word om sodoende nie tot 'n verdere negatiewe impak op die ekonomie by te dra nie;
- (c) Dat die bepalings van die besluit van toepassing is vanaf die datum waarop die voorskrifte ingevolge Goewermentskennisgewing 431 in werking getree het;
- (d) Dat die besluit aan die Raad voorgelê word vir bekragtiging.

7.6 UITSTAANDE DEBITEURE: SEPTEMBER 2020 / (5/7/1/1)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

Die voorsitter spreek sy teleurstelling uit teenoor die styging in uitstaande skulde van munisipale amptenare en sodoende die versuim om hul verpligtinge teenoor die werkgewer na te kom, terwyl ander besighede weens die impak van Covid-19 nie in staat is om volle salarisse aan werknemers te betaal nie.

Die Munisipale Bestuurder noem dat die navraag insake staatsamptenare woonagtig in die Swartland munisipale gebied opgevolg is na aanleiding van 'n Provinsiale Parlementêre navraag wat ontvang is insake die bevestiging dat alle raadslede op datum is met die betaling van hul munisipale diensterekeninge.

BESLUIT dat kennis geneem word van die stand van uitstaande debiteure teen September 2020 soos met die sakelys gesirkuleer.

7.7 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

Die voorsitter spreek sy kommer uit teenoor die aantal versekeringseise wat verband hou met die beskadiging van raadsvoertuie en versoek dat 'n inisiatief ondersoek word om amptenare aan te spoor om raadsvoertuie beter op te pas.

BESLUIT dat kennis geneem word van die vordering met uitstaande versekeringseise vir die periode eindigend 30 September 2020.

7.8 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: HERSTELWERK AAN DIE *CATERPILLAR TLB, CK 47737* (8/1/B/2)

Die *Caterpillar TLB, CK 47737* word gebruik deur die Afdeling: Strate en Stormwater vir konstruksie- en onderhoudswerk in Malmesbury en die omliggende gebiede.

Tydens 'n geskeduleerde diens deur Barloworld Equipment is verskeie gebreke aan die voertuig gevind wat dringende herstelwerk benodig het.

BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat die aksie van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word om goedkeuring te verleen vir dringende herstelwerk aan die *Caterpillar TLB, CK 47737* deur Barloworld Equipment ten bedrae van R34 178.39 (BTW uitgesluit);
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures as volg is:
 - (i) Barloworld Equipment is die oorspronklike vervaardiger en die agent vir *Caterpillar*-toerusting in Suid-Afrika;
 - (ii) Barloworld Equipment het tydens 'n geskeduleerde diens van die voertuig verskeie gebreke geïdentifiseer wat dringende herstelwerk benodig het;
 - (iii) Dit word as onprakties beskou om die voorgeskrewe verkrygingsproses te volg om die herstelwerk deur 'n ander diensagent te laat doen;
- (d) Dat die Bestuurder: Finansiële State in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.9 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: DRINGENDE HERSTELWERK DRYWENDE BELUGTER BY DIE MOORREESBURG WWTW (8/1/B/2)

Dit is uiters noodsaaklik dat die belugters ten alle tye in 'n werkende toestand is ten einde te verseker dat die suiweringsproses en nywerheidsuitvloeisel van die Moorreesburg WWTW op standaard is.

BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat die aksie van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word om goedkeuring te verleen vir die herstel van die motor van die belugter by die Moorreesburg WWTW deur GW Trautman ten bedrae van R38 644.73 (BTW uitgesluit);
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures as volg is:
 - (i) die belugter sou vir 'n geruime tyd buite werking wees as die normale verkrygingsproses gevolg is;
 - (ii) voormelde sou aanleiding gegee het tot die ineenstorting van die behandelingsproses met 'n negatiewe impak op die kwaliteit van die nywerheidsuitvloeisel wat moontlik skadelik vir die omgewing kon wees;
 - (iii) die herstelwerk aan die minger is as 'n noodgeval hanteer;
- (d) Dat die uitgawe van R38 644.73 (BTW uitgesluit) teen teen posnommer 9/239-57-1041 verreken word en dat daar bevestig word dat voldoende fondse beskikbaar is;
- (e) Dat die Bestuurder: Finansiële State in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.10 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: DRINGENDE HERSTELWERK AAN DIE DOMPelpOMP BY DIE INLAATWERKE VAN MALMESBURY WWTW (8/1/B/2)

Die doeltreffende funksionering van die inlaatwerke by die Malmesbury WWTW wat toegerus is met dompelpompe is van uiterste belang vir die vervoer van riool in die rioolsuiweringsproses.

BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat die aksie van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word om goedkeuring te verleen vir die herstelwerk aan die dompelpomp by die inlaatwerke van die Malmesbury WWTW deur GW Trautman ten bedrae van R62 876,00 (BTW uitgesluit);
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures as volg is:
 - (i) die dompelpomp sou vir 'n geruime tyd buite werking wees as die normale verkrygingsproses gevolg is;
 - (ii) voormelde sou aanleiding gegee het tot die ineenstorting van die behandelingsproses, die oorstroming van die rioolafvoerstelsel en 'n onderbreking in die lewering van riooldienste;
 - (iii) die herstelwerk aan die dompelpomp is as 'n noodgeval hanteer;

7.10/...

- (d) Dat die Bestuurder: Finansiële State in terme van die Voorsiening-kanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.11 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: DRINGENDE HERSTELWERK AAN DIE AIR SCOUR BLOWER BY MALMESBURY WWTW (8/1/B/2)

Die Malmesbury WWTW maak gebruik van membraantegnologie. Die stelsel bestaan uit verskeie komponente van meganiese toerusting om die behandelingsproses moontlik te maak, onder andere, *air scour blowers* in die belugtingsproses.

BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat die aksie van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word om goedkeuring te verleen vir die diens en herstelwerk aan die *Aerzen*-belugtingseenhede van die Malmesbury WWTW deur Aerzen Airgas (Pty) Ltd ten bedrae van R61 850.00 (BTW uitgesluit);
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures as volg is:
- (i) Aerzen Airgas (Pty) Ltd is die oorspronklike vervaardiger-ondersteuner in Suid-Afrika vir die Duits-vervaardigde *Aerzen*-belugtingseenhede;
 - (ii) Die diens kan dus slegs gelewer word deur 'n alleen dienste verskaffer;
- (d) Dat die Bestuurder: Finansiële State in terme van die Voorsiening-kanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER**